**Die toorn van God oor die heidene (OP268)**

**Romeine 1:18-32**

**6 September 2026**

Laaskeer het ons stilgestaan by die tema van die brief aan die Romeine. Paulus het ses redes gegee waarom hy hom nie vir die evangelie skaam nie. Hierdie ses redes is ook ses kenmerke van die evangelie, en dit is ook wat Paulus in meer detail in die brief wil bespreek. Die redes is die volgende: Die evangelie se oorsprong is van God self. Die evangelie van God is die krag van God waarmee Hy mense uit die mag van die duisternis red en hulle verplaas na die koninkryk van God. Die doel van die evangelie is volledige verlossing, maar hierdie verlossing is slegs beperk tot diegene wat glo. Die gelowiges is egter afkomstig uit die Jode en die Grieke, en dus uit alle volke, stamme, tale en nasies. Deur die krag van die evangelie verkry gelowiges onverdiend deel aan God se geregtigheid.

Vandag wil ek stilstaan by Rom 1:18-32. Dit is die begin van Paulus se beredenering om die tema van sy brief in detail uit te werk. Lees vers 18. Dit is 'n treffende begin vir sy argument: Die toorn van God word vanaf die hemel geopenbaar. Al het Paulus sopas opgesom dat sy brief juis die kragtige werk van die Here deur die evangelie wil verduidelik, begin Paulus met die toorn van God. Dit is onverwags, maar tog ook baie belangrik om die res van die brief behoorlik te begryp. Die vraag is natuurlik: Waaroor is God toornig? En vers 18 antwoord Hy is toornig oor al die goddeloosheid en ongeregtigheid van mense. Onthou Paulus het sopas geredeneer die evangelie is juis die krag van God wat gelowiges toegang gee tot volledige verlossing en deel laat kry aan God se geregtigheid. Die realiteit is egter dat mense goddeloosheid en ongeregtigheid bedryf. Watter mense bedryf dit? Paulus sê dit is die mense wat volhou om die waarheid te probeer onderdruk. Natuurlik is dit g'n wonder dat God toornig is nie: Hy wil juis deur die evangelie mense lei om te deel in Sy geregtigheid, maar daar is mense wat volhou om juis dit te probeer onderdruk. Ja, Paulus wil in detail verduidelik hoe mense deel kan kry aan die geregtigheid van God, maar voor hy dit kan verduidelik, moet hy eers die krisis beskryf: Mense werk juis teen God deur hulle goddeloosheid en ongeregtigheid, waardeur hulle juis die heerlike waarheid wil onderdruk. En verder wil Paulus verduidelik dat hierdie probleem van ongeregtigheid baie meer volop is as wat mens sou dink.

Die teenwoordigheid van hierdie ongeregtigheid onder mense is die fokus van Rom 1:18-3:20. Onthou verder dat Paulus in Rom 1:16 juis geredeneer het dat Jode sowel as Grieke deel kan kry aan God se geregtigheid deur die krag van die evangelie. Met die term "Jode" het hy natuurlik die gelowiges wat afkomstig is uit die Jodedom in gedagte, en met die term "Grieke" het hy die gelowiges uit die ander sogenaamde heidennasies in gedagte. In Rom 1:18-3:20 wil Paulus baie duidelik onderstreep dat die probleem van ongeregtigheid 'n universele probleem is – dit kom onder die Jode voor en ook onder die heidennasies. Kommentatore is dit redelik eens dat die fokus in Rom 1:18-32 juis val op die ongeregtigheid onder die heidennasies, en in Rom 2 verskuif die fokus na die ongeregtigheid onder die Jode. Die fokus van ons oordenking vandag is dus op die ongeregtigheid onder die heidennasies, oftewel die ongeregtigheid van ongelowiges, oftewel ateïste.

Ek wil die gedeelte oordink deur die volgende drie punte te bespreek: (1) Wat van God geweet kan word, is aan alle mense bekend (Rom 1:18-20), (2) Die goddeloosheid en ongeregtigheid van heidene (Rom 1:21-23), en (3) God se toorn oor die heidene (Rom 1:24-32).

<u>Wat van God geweet kan word, is aan alle mense bekend (Rom 1:18-20)</u>

Lees Rom 1:18-20. Wat ons in gedagte moet hou, is dat daar twee maniere is waarop die Here God Hom aan ons as mense bekend maak: Hy doen dit deur Sy algemene openbaring in die skepping.

Hierdie openbaring is sigbaar vir alle mense. Hy doen dit ook deur Sy spesifieke openbaring in Sy Woord, die Bybel. Hierdie openbaring is beperk tot die mense wat die Woord lees en bestudeer. In Rom 2 sal Paulus verwys na God se spesifieke openbaring soos wat Hy Homself aan die Jode geopenbaar het. Maar in Rom 1 fokus Paulus op God se algemene openbaring wat sigbaar is vir alle mense, insluitend heidene.

Lees weer vers 19. Die belangrike punt om raak te sien is dat God Hom bekend maak aan alle mense – selfs aan mense wat nooit Sy Woord lees en bestudeer nie. Dit wat van God geweet kan word , is aan alle mense bekend, selfs aan heidense ongelowiges. En, let op, dit is aan hulle bekend want God het dit aan hulle geopenbaar. Die vraag is natuurlik: Waar het God Homself bekend gemaak aan alle mense, selfs aan mense wat hulleself nooit verdiep in God se openbaring in Sy Woord nie? Lees vers 20. God se onsigbare eienskappe is van die skepping van die wêreld af duidelik sigbaar in Sy werke. Let mooi op: daar is onsigbare eienskappe van God wat duidelik sigbaar is – dit klink teenstrydig, maar dit is wat die vers sê. En hierdie onsigbare eienskappe is sedert die skepping sigbaar in God se werke. Wat is hierdie onsigbare eienskappe van God wat sigbaar is? Vers 20 verduidelik dit is God se ewige krag, en ook Sy goddelikheid. Nou kan ons begin begryp hoe dit moontlik is om God se onsigbare eienskappe raak te sien: Alhoewel ons nie direk God se ewige krag kan sien nie, kan ons wel die effek van Sy ewige krag in die skepping sien – Sy werke maak dit bekend. Netso kan ons nie direk God se goddelikheid sien nie, maar ons sien wel die effek daarvan raak.

Kom ons dink in meer detail oor hierdie twee onsigbare eienskappe van God: Sy ewige krag en Sy goddelikheid (NIV/ESV sê: “His eternal power and divine nature”):

- Ewige krag: Ek glo dit is redelik voor die handliggend – die blote feit dat daar ‘n skepping is, is eenvoudig verstommend. Alle mense erken daar is ‘n skepping. Alle mense moet erken daar was geweldige krag nodig om dit daar te stel. Verder, die blote feit dat die skepping en lewe steeds voortbestaan, is eenvoudig verstommend. Ten spyte van oorloë en baie ingrypende natuurrampe, bestaan die skepping steeds. Steeds is daar lewe – al is die lewe so broos, en al kan dit so maklik vernietig word. ‘n Kragtige werk is nodig om dit in stand te hou. Ek glo elke gelowige verstaan dat dit God se krag is wat die skepping daargestel het, en wat dit in standhou. Maar Paulus redeneer selfs heidene moet dit raaksien. Die vraag is: Kan heidene raaksien dat dit die krag van God is wat die skepping gemaak het en dit in stand hou? Die antwoord is: ja. Ek wil dit op twee maniere motiveer:
  - Vir baie lank was wetenskaplikes nie oortuig die skepping het ‘n begin gehad nie – dit was ondenkbaar dat die skepping nie alreeds vir altyd bestaan het nie. Daar is geredeneer: Dit is immers ‘n wetenskaplike feit dat massa en energie nie geskep of vernietig kan word nie. Hoe kan dit dan waar wees dat daar ‘n tyd kon wees wat daar nie massa en energie was nie? Dit was die algemeen aanvaarde wetenskaplike siening – die skepping moes vir altyd bestaan het. Maar hoe meer die skepping bestudeer is, hoe meer het dit duidelik geword die skepping het ‘n begin gehad. Veral die bestudering van die sterre het dit duidelik gemaak. Vandag is dit die aanvaarde wetenskaplike siening – die skepping het ‘n begin gehad. Maar nou is daar ‘n wetenskaplike probleem: As massa en energie nie geskep kan word nie, hoe is dit moontlik dat daar ‘n tyd was dat daar nie massa en energie was nie, maar nou is daar wel ‘n skepping? Groot ateïste soos selfs Richard Dawkins, kan eenvoudig nie die vraag antwoord nie: Al wat hy kan sê is: “Daar was ‘n diskontinuïteit” wat hy nie kan verklaar nie. Sien jy dit? Die feite roep dit hard uit: “Daar was ‘n Skepper” – maar Dawkins onderdruk die feite bewustelik.

    - Ek gaan saam met hierdie preek 'n link versprei van 'n debat tussen Richard Dawkins en die Christen wiskundige en filosoof John Lennox (John Lennox Delivers One of the Greatest Comebacks in Debate History). Ek wil hê jy moet self luister hoe 'n uitgesproke ateïs Richard Dawkins onderstreep wat Paulus geskryf het: Selfs Dawkins redeneer die versoeking is groot, selfs vir hom, om uit die skepping die gevolgtrekking maak daar is 'n Skepper. Uit Dawkins se eie woorde is dit duidelik dit benodig 'n doelbewuste onderdrukking van die getuienis wat in die skepping is, om nie te glo nie daar is 'n Skepper nie.
    - Daar is sekerlik meer sulke getuienisse wat juis onderstreep dat die skepping dit uitbasuin daar moes 'n Skepper gewees het.
- God se goddelikheid, God se goddelike natuur: Paulus redeneer alle mense kan God se goddelikheid, of God se goddelike natuur, vanuit Sy werke sien – selfs 'n ongelowige kan dit sien. Is dit waar? Stem ons saam dat dit vir alle mense sigbaar is? Kom ons dink oor een van God se werke: Hy het die mens geskep. Hy het die mens na Sy beeld geskep – dit beteken die mens behoort van God se goddelike natuur te vertoon. Ja, ons weet, die sondeval het die mens as beeld van God skade aangedoen – maar daar is nog iets van God se beeld in alle mense sigbaar vir alle mense om te sien. Het jy al opgelet dat daar sekere dinge is waaroor alle mense saam stem – ongeag hulle herkoms, ongeag of hulle gelowig of ongelowig is, ongeag watter geloof hulle beoefen, ongeag hulle filosofiese uitkyk op die lewe?
    - Ongeag ons herkoms of geloof, ons stem almal saam dit is verkeerd as iemand my besittings steel, dit is verkeerd as iemand moord pleeg. Ons het almal 'n begrip van iets is reg of verkeerd. Ons het almal dus 'n begrip van geregtigheid. Luister byvoorbeeld na die nuus wanneer 'n hofsaak plaasvind van 'n persoon wat beskuldig word van een of ander growwe misdaad. Bykans klokslag redeneer die geliefdes van die slagoffer hulle soek na geregtigheid. Sodra ons die slagoffer word van ongeregtigheid – soek ons na geregtigheid – dit is deel van ons wese, dit is deel van ons natuur om te soek na geregtigheid. Waar kom dit vandaan? Dit is deel van God se natuur – Hy is regverdig, Hy definieer wat geregtigheid is. En Hy het ons na Sy beeld geskep. Daarom het ons ook 'n diepliggende begeerte na geregtigheid – al is dit soms verdraai en krom en skeef.
    - Maar, sou jy nou kon redeneer, wat van die moordenaar wat skuldig is – het hy ook hierdie innerlike besef van geregtigheid? Ek dink so – immers, hoekom doen misdadigers soveel moeite om hulle misdade te verdoesel? Is dit nie juis omdat hulle weet hulle is besig met ongeregtigheid nie? Hulle onderdruk hulle interne strewe na geregtigheid – en dan pleeg hulle onreg. Maar hulle weet dit is verkeerd, want hulle probeer dit wegsteek. En dit is juis die punt: Daardie strewe en besef wat alle mense het van geregtigheid, hoe gebrekkig en verdraaid dit ook al mag wees, is juis 'n bewys dat iets van God se beeld steeds in elke mens voorkom, en dat elke mens tog ook 'n besef het van God en Sy goddelike aard.

Die laaste deel van vers 20 wys die noodwendige gevolg uit van die feit dat die natuurlike mens God nie wil erken nie: Hulle het toegang tot God se openbaring, ten minste toegang tot Sy algemene openbaring aan alle mense. Daarom moet hulle kan raaksien dat God bestaan. As hulle dit nie wil erken nie, is dit hulle besluit. Maar hulle is nie onskuldig in hierdie besluit nie. Hulle het geen verontskuldiging nie. Hulle moes van beter geweet het – hulle het dit doelbewus onderdruk. Hulle is skuldig, want hulle het voldoende getuienis oor die bestaan en natuur van God doelbewus onderdruk.

Die goddeloosheid en ongeregtigheid van heidene (Rom 1:21-23)

In vers 18 het ons nou gesien dat daar mense is wat volhou om deur ongeregtigheid die waarheid te probeer onderdruk. Ons sou nou die vraag kon vra: Wat is hierdie waarheid wat hulle probeer onderdruk?

Lees vers 21. Die waarheid wat hulle wil onderdruk, is dat hulle nie God wil erken, Hom nie wil eer en Hom nie wil dank nie. Ons het nou reeds gesien hulle ken God – selfs al is dit dan net uit God se werke waar hulle Sy ewige krag en Sy goddelike natuur en sin vir geregtigheid kan waarneem. Maar hulle onderdruk dit doelbewus. Hulle wil dit nie erken nie. Hulle wil God nie erken nie. Hulle wil nie aan Hom die dank bring en die verering bring wat Hy waardig is nie – Hy is hulle Skepper, Hy is die een wat definieer wat reg is, Hy het aan hulle 'n sin van geregtigheid gegee – Hy is dit dus waardig om erken te word, Hy moet geëer word, Hy moet gedank word. Maar hulle onderdruk hierdie waarheid doelbewus.

Kom ons dink vir 'n oomblik aan Adam en Eva. Is dit nie ook juis wat met hulle die geval was nie? Voor die sondeval het hulle God geken, hulle het intieme gemeenskap met Hom gehad. Hulle het geweet Hy is hulle Skepper. Adam het selfs beleef hoe die Here Eva geskep het vanuit sy ribbebeen. Boonop het hulle God se voorskrifte gehad van hoe God wou hê dat hulle moes lewe. Hulle het geweet wat volgens God reg en wat verkeerd was. Hulle het die kennis van God se geregtigheid gehad. En tog, toe die duiwel kom met al sy verleidelike versoeke, het hulle hierdie dinge wat hulle van God geken het, doelbewus onderdruk en agter die duiwel aangeloop. Hulle het skuldig geword aan ongeregtigheid, deurdat hulle hulle kennis van God onderdruk het.

Vers 21 gaan verder, en voeg by dat die feit dat hulle God nie wil eer en dank nie, hand aan hand loop met nog 'n feit: hulle denke word sinloos en hulle onverstandige harte word verduister. Kan ek dit probeer verduidelik aan die hand van 'n eenvoudige voorbeeld: Ek glo ons stem almal saam daar is oorweldigende getuienis dat dit verstandig is om jou veiligheidsgordel te dra wanneer jy in 'n kar ry. Baie navorsing is gedoen, baie histories bewyse kan gegee word – dit is die verantwoordelike en rasionele ding om te doen. En tog is daar steeds mense wat dit nie doen nie. As jy hulle hieroor konfronteer kom hulle met allerlei onlogiese redenasies: Niemand moet aan hulle voorskryf nie, hulle wil vry wees om te doen wat hulle wil, dit is hulle reg om onverantwoordelik op te tree as dit is wat hulle verkies. Maar hierdie redenasies is sinloos, dit is onverstandig. Vers 21 redeneer dit is ook waar van ongelowiges wat voldoende kennis het dat daar 'n God is wat geëer moet word – maar hulle weier om dit te doen. En as hulle hieroor gekonfronteer word, redeneer hulle sinloos en onverstandig. Kan ek maar weer na Richard Dawkins verwys: Hy weet daar was 'n begin van die skepping, hy weet ook hy kan nie verduidelik wat in die begin gebeur het nie, hy weet natuurlike wetenskaplike redenasies kan dit nie verduidelik nie, hy weet enige verduideliking bots met basiese natuurlike wette – so i.p.v. om toe te gee en te erken daar moet dus 'n Skepper wees, redeneer hy sinloos en onverstandig. Al wat hy kan aanbied is: "Ons weet nog nie, maar met genoeg navorsing sal ons dit uitwerk". Hierdie antwoord maak nie sin nie: Wat hy hoop om wetenskaplik te bewys is dat daar aan die begin iets gebeur het wat bots met basiese wetenskapbeginsels. Dit is sinloos en onverstandig. Maar hy word daartoe gedryf bloot net omdat hy nie die bestaan van God wil erken nie.

Lees vers 22. Hierdie ongelowiges beweer hulle is wys, maar in werklikheid is hulle dwaas. Iemand soos Richard Dawkins het 'n groot aanhang in die tyd waarin ons lewe. Baie mense bewonder sy insig en kennis, hulle verdiep hulle in sy argumente, hulle bewonder sy bravade om openlik te redeneer daar is nie 'n God nie, en alle godsdiensbeoefening is sinloos en nie gebaseer op enige konkrete bewyse nie. Immers is Dawkins slim. Dit mag so wees – Richard Dawkins is heelwaarskynlik baie slim, intellektueel slim. Maar hy is beslis nie wys nie. Om slim te wees, beteken nie iemand is wys nie. Netso min as wat lae intellektuele vermoëns aandui iemand is dwaas. Die Bybel is baie

duidelik oor die definisie van wysheid: Wysheid begin met die dien van die Here. So lank Richard Dawkins en ander ongelowiges, God nie wil erken nie al het hulle toegang tot voldoende kennis om God te ken, is hulle hoogstens slim – maar nie wys nie. Iemand met baie minder intellektuele vermoëns wat wel die Here erken, is baie meer wys as hierdie geleerde ongelowiges.

Lees vers 23. Hierdie vers vat dit saam: Ongelowiges, heidene of ateïste het die heerlikheid van die onsterflike God verruil vir ‘n afbeelding soos die van ‘n sterflike mens of van voëls of viervoetige of kruipende diere. Ek hoop ons stem teen hierdie tyd saam dat ongelowiges nie die heerlikheid van die onsterflike God erken nie. Maar het hulle dit werklik verruil vir die afbeelding van ‘n mens of ‘n voël of een of ander dier? Dit is sekerlik so dat daar min mense in ons samelewing in die tyd waarin ons leef is wat afbeeldings aanbid – hetsy of dit van mense, voëls of diere is. Wat egter wel waar is, is dat daar afbeeldings gemaak word – miskien nie fisiese afbeeldings nie, maar wel afbeeldings waarin ongelowiges hulle vertroue stel:

- Dink maar net aan rolmodelle van belangrike of openbare persone wat mense ophemel. Hulle wil leef soos daardie mense. Soos daardie mense besluite neem, so wil hulle aanhangers ook besluite neem. Wat ook al daardie persone se lewensuitkyk is, dit is ook die lewensuitkyk wat hulle aanhangers wil volg. Die aanhangers se gedrag word bepaal deur hulle rolmodelle se gedrag. Dit is dwaas, en die erkenning en aanbidding wat God alleen waardig is, word nou aan die rolmodel gebring.
- Of dink aan die hoë premie wat deesdae geplaas word op fisiese voorspoed en fisiese rykdom hier in hierdie lewe. Dit bepaal mense se lewens en die besluite wat hulle neem. Finansiële sukses is prioriteit 1. As daar ‘n botsing is tussen wat die Here definieer as reg met wat finansiële sukses definieer gedoen moet word, wen die finansiële sukses. Finansiële sukses word die afbeelding – maar die redenasies om dit te verdedig is sinloos en dwaas.
- Eie intellek en insig kan die afbeelding word. Ek dink dit is waar van Richard Dawkins. Hy is oortuig alles is wetenskaplik verklaarbaar, en as iets nog onverklaarbaar is, is hy oortuig dit is bloot ‘n kwessie van tyd voor die mens alles kan verklaar. Die mens se intellek en vermoëns is nou die afbeelding wat in God se plek gestel word. En die gevolg is sy redenasies is sinloos en onverstandig.

<u>God se toorn oor die heidene (Rom 1:24-32)</u>

In vers 18 het ons gelees dat God se toorn vanaf die hemel geopenbaar word oor al die goddeloosheid en ongeregtigheid van die mense wat volhou om die waarheid deur ongeregtigheid te onderdruk. Ons het nou geleer wat hierdie ongeregtigheid is waarmee hierdie mense hulle besig hou: Alhoewel hulle God kan ken selfs net uit Sy algemene openbaring, onderdruk hulle dit eenvoudig en plaas iets anders in God se plek – ‘n optrede wat met sinlose en onverstandige argumente verdedig word. Die vraag is egter: Op welke wyse openbaar God Sy toorn oor die optrede van hierdie mense? Rom 1:24-32 leer ons meer hieroor.

Lees verse 24, 26 en 28. In elkeen van hierdie verse lees ons: “God het hulle oorgegee aan...” Dit is belangrik dat ons die volgorde in hierdie redenasie onthou. Die volgorde is:

- God is die Skepper – Hy het alles gemaak, insluitend ook die mens.
- God is ook die Een wat Homself bekendgemaak het aan die mense – aan alle mense deur Sy algemene openbaring, en aan sommiges ook nog deur Sy spesifieke openbaring. Maar selfs net God se algemene openbaring, wat alle mense ontvang het, is genoegsaam om God te ken, en ook te erken.

- Die ongelowiges wil God egter nie erken nie. Hulle onderdruk hulle kennis van die Here doelbewus met sinlose, onverstandige en dwase redenasies.
- En die gevolg hiervan is dat God nou Sy toorn oor hulle openbaar. Hy openbaar Sy toorn oor hulle deurdat Hy hulle oorgee.

Wat is dit waaraan God hierdie ongelowiges oorgee omdat hulle hulle kennis van Hom onderdruk? Daar is twee maniere waarop God hierdie mense oorgee:

- God gee hulle d.m.v. die begeertes van hulle harte oor aan onreinheid. Lees verse 24 en 26. God se toorn oor hierdie mense word geopenbaar deurdat hy hulle aan hulle begeertes oorgee om onreinheid te pleeg. Ons het gesien hierdie mense wil nie God erken nie, hulle wil nie lewe op 'n manier in lyn met God se voorskrif vir 'n geregtige lewe nie. En God oordeel oor hulle deur hulle oor te gee aan hulle begeertes. Ten spyte van God se openbaring aan hulle, ten spyte van hulle kennis van God, het hulle ongeregtigheid begeer – en God reageer daarop deurdat Hy hulle oorgee aan hulle begeertes na onreinheid en ongeregtigheid. Lees verse 26-27. Hier is 'n voorbeeld van God wat hierdie mense oorgee aan hulle begeerte na onreinheid: God gee hulle oor sodat hulle die heteroseksuele verhouding wat God van die skepping af ingestel tussen 'n man en sy vrou het as die manier waardeur die mensdom die aarde moet vul, verruil vir homoseksuele verhoudings tussen vroue en mans onderling – homoseksuele verhoudings wat teen God se wil is, en wat nie aan God se doel met die seksuele kan voldoen nie. As hulle God nie wil erken nie, gee God hulle oor aan onrein begeertes wat nie bydra tot die bevordering van God se doel met die skepping nie. Dit beteken nie God sal nie meer Sy doel met die skepping bereik nie, maar dit beteken wel dat hulle nie medewerkers gaan wees in God se bereiking van Sy doel nie. God sal dit bereik sonder hulle – maar hulle beleef God se toorn in hierdie lewe alreeds deurdat Hy hulle oorgee aan hulle onrein begeertes.
- God gee hulle ook oor aan 'n verwerplike denkwyse, en gevolglik ook aan onbetaamlike optrede – lees vers 28. Ons het reeds in vers 21-22 gesien dat hierdie mense God nie wil erken nie, omdat hulle denke sinloos en dwaas is. En nou gee God hulle nog verder oor aan dwase en verwerplike denkwyses. Die gevolg is hulle kan eenvoudig nie anders nie as om sinloos en dwaas te dink nie. En, ongelukkig is dit so dat as iemand verkeerde begeertes het, en boonop dwase en verwerplike denkwyses het, dan volg dit noodwendig dat die persoon onbetaamlik sal optree. Lees vers 29-32. Hier is 'n lang lys van verkeerde denke en optredes wat tipies is van ongelowiges wat God oorgegee het omdat hulle Hom nie wil erken nie. Ek glo ons sal almal saamstem hierdie lys van verkeerde denke en optredes is tipies van die tyd waarin ons lewe. Wanneer ons sien dat ongelowiges besig is met hierdie praktyke, moet ons raaksien dit is die gevolg van die Here wat hulle oorgegee het aan hierdie denkwyse en optrede omdat hulle Hom nie wou erken, en Hom nie wou dank en eer soos wat Hy waardig is nie. Vers 32 gaan selfs nog verder, en maak die stelling dat hierdie mense nie net self so verkeerd optree nie – hulle keur dit selfs ook goed as ander so optree. Hulle propageer hulle verkeerde optrede as reg. Ook dit sien ons maar alte dikwels in ons samelewing.

<u>Samevatting</u>

As deel van my samevatting van wat ons nou geleer het, is daar een punt waarvan ek dink ons moet kennis neem: Is die gevolgtrekking wat ons uit hierdie gedeelte moet maak dat as iemand homoseksuele begeertes het, of as iemand 'n onreg pleeg, of afgunstig is, of kwaadwillig is, of hooghartig is, of onverstandig of liefdeloos optree, dan is daardie persoon deur God oorgegee en is hierdie begeertes of optrede van hierdie persoon 'n uitdrukking van God se toorn oor hom/haar? Ek

dink ons moet versigtig wees: Immers is nog nie ‘n enkele gelowige in hierdie lewe is, wat reeds volmaak heilig nie. Gelowiges val nog in sonde – sondige begeertes, sondige denkwyses en sondige optredes. Natuurlik moet ons daarna strewe dat dit al hoe minder in ons lewens na vore kom. Maar dit is nie Paulus se punt in hierdie gedeelte nie.

Paulus, gelei deur die Heilige Gees, redeneer iets anders: Alle mense ken genoeg van God om God te erken as God. Selfs al het iemand nie toegang tot God se spesifieke openbaring in die Skrif nie, het die persoon toegang tot God se algemene openbaring in die skepping. Alle mense kan daaruit God se krag en ook Sy goddelike natuur leer ken. Ons sien die bewyse van God se krag in die fisiese skepping, ons sien die bewyse van God se goddelike natuur in byvoorbeeld die feit dat alle mense iets van God se beeld vertoon – al is dit hoe gebrekkig. Maar alles mense het ‘n diepgaande begeerte na geregtigheid – daardie begeerte kom van God af. Elke mens weet dit – en daarom het niemand enige verontskuldiging waarom hulle God nie behoort te erken en te dank en vereer nie. Maar die ongelowige mens wil nie God erken nie. Hulle regverdig dit met allerlei sinlose en onverstandige redenasies. Maar God duld hierdie optrede van ongelowiges net so lank – daarna gee Hy hulle oor. As hulle dan begeer om Hom nie te erken nie, gee Hy hulle oor aan hulle begeertes wat noodwendig lei tot allerlei vorms van onreinheid. As hulle dan daarna strewe om op sinlose wyses te redeneer dat God nie erken moet word, gee God hulle oor aan hulle verwerplike denkwyses. En as beide iemand se begeertes en sy denkwyses deur God oorgegee is, dan lei dit tot allerlei vorms van onreg, en selfs ‘n ywer om ander mense te oortuig om ook in hierdie dwaasheid deel te neem.

Kortom, ongelowiges het geen verontskuldiging nie. Hulle het toegang gehad tot voldoende openbaarmaking van God oor Homself, maar hulle het dit doelbewus onderdruk – en daarom het God hulle oorgegee aan hulle verkeerde begeertes en denkwyses.